Herold Landboufees

Toespraak gelewer deur Minister Van Rensburg

Datum: 02 September 2010

Graag verwelkom ek u by vanjaar se Herold Landbouskou. Dit is ook weer `n voorreg vir my om hierdie skou te open. Landbou skoue is uniek in die sin dat dit al die vriende van landbou bymekaar bring. Ons mag oor baie ander dinge verskil, maar almal wat hierdie landbouskou bywoon, deel `n passie vir landbou.

Vriende, die Herold Landboufees is `n belangrike instelling op ons jaarlikse kalender in die Wes-Kaap. Daar is verskeie redes hiervoor:

1. Boere kry die geleentheid om na die nuutste tegnologie te kyk. Tegnologie speel `n uiters belangrike rol in die moderne boer se vermoë om winsgewend te produseer. Die oplossings vir suiwel en koring produksie in die Wes-Kaap lê grotendeels in tegnologiese oplossings opgesluit. Hier dink ek aan teelprogramme; weidingsbestuur, en nuwe kultivars wat hoër opbrengste onder veranderende klimaatstoestande lewer.

2. Hierdie skou/fees maak landbou toeganklik vir die verbruiker. Aangesien boere meerendeels prysnemers is, is dit belangrik dat die verbruikers van ons produkte nie verwyderd van ons raak nie. Herold landboufees bring die plaas tot in die voorstedelike woonkamer.

3. Hierdie skou skep ook die platvorm waar verskillende landbou rolspelers mekaar kan ontmoet. Plaaswerkers, produsente en insetverskaffers moet mekaar beter leer ken, en dit is by geleenthede soos hierdie waar dit gebeur.

In Suid Afrika bevind landbouers hulself tans in `n unieke situasie. As landbouers het ons meer as ooit tevore die geleentheid om ook land bouers te wees. Dit word ook van ons verwag deur die breë gemeenskap daar buite, al kom hulle weinig (indien ooit) op `n plaas. Die rede hiervoor is omdat Suid Afrikaanse boere `n simbool geraak het vir sommige van

die dringendste kwelpunte in ons samelewing: Rasse spanning; ongelyke verdeling van rykdom; ongelyke verdeling van grond; stygende lewenskoste, behuisingstekorte, om maar enkeles te noem. Hierdie word deur oningeligtes aan ons toegedig. En somtyds word dit ook moedswillig gedoen.

Die waarheid is egter dat alle Suid Afrikaners aanspreeklik is vir die uitdagings wat ons tans ervaar in Suid Afrika . Tog het dit die norm geraak om die skuld by landbou te soek. Ek wil vandag vir u die volgende oor hierdie stand van sake sê: Moenie mismoedig raak nie. Dit is juis hierdie omstandighede wat vir ons as landbouers in die posisie plaas waar ons leier land bouers kan wees.

So het my Department verlede week `n werkswinkel gereel waar boere; begunstigdes van aandeelhoudingskemas, en amptenare van die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming teenwoordig was. Ons het die kwessie van aandeelhoudingskemas bespreek. Ek wou graag eerstehands van die betrokkenes hoor hoe hulle hierdie skemas ervaar en waar daar verbeter kan word. Daar is tans `n moratorium op aandeelhoudingskemas.

Dit was die boere en plaaswerkers van die Wes-Kaap wat vir departemente `n les geleer het oor hoe `n mens `n werkswinkel aanbied. Mense het op die kwessie gefokus en geen politiek is toegelaat nie. Wes-Kaap landbouers is besig om brûe na staats departement te bou. Land bouers.

Ek wil vandag dit op u harte druk om nooit u verpligting as rolmodel in Suid Afrika te onderskat nie. Alhoewel ek vir geen oomblik glo dat ons alleen aandadig gehou moet word vir die land se probleme nie, glo ek dat baie van die oplossings vanuit ons geledere gaan kom.Hou dus u kop hoog. Maar hou ook u kop oop.

Vriende, ons as landbouers verdien ons bestaan direk vanuit die natuur. Ons kan hier ook die leiding neem deur voor te loop wanneer dit by omgewingsbewaring kom. Plant asseblief bome sodat ons ons koolstofvoetspoor kan verminder. Wie is in `n beter posisie as `n landbouer om bome te plant?

Ek wil ook boere se hulp rondom `n ander aspek van die omgewing vra: Ou murasies wat vervalle op plase langs ons nasionale en provinsiale paaie staan. In sommige gevalle is die dak en alle boumateriall wat herwin kan word reeds gestroop. Dit lyk sleg en is ook `n vorm van omgewingsbesoedeling. Ek wil u bystand vra deur hierdie murasies asseblief af te breek.

More in Dysselsdorp gaan `n uitvloeisel van die Wes-Kaap Regering se skoon oudit verslag gestalte vind. Voerskenkings van oor die res van die land, tesame met droogtehulp vanaf Nasionale regering aan die begin van die jaar, maak dit moontlik om vir kleinboere in Dysselsdorp môre voerskenkings te gee. Die voer het nie langs die pad weggeraak nie. Die geld het nie in tussengangers se sakke verdwyn nie. Ons kan tot op die laaste Rand rekenskap gee.

En hier moet ek spesiaal dankie sê vir die rol wat georganiseerde landbou gespeel het. Sonder julle administrasie en hulp sou die hulp verleniging nie moontlik gewees het nie. Dankie Carl Opperman vir die harde werk agter die skerms.

Wanneer ons praat oor swaarkry in die landbou, kan ons nie die suiwelindustrie ignoreer nie. Ek is bewus van die moeilike omstandighede waaronder u tans `n bestaan probeer maak. As prysnemers is dit verskriklik frustrerend wanneer jou winsgrens platval en jy niks daaromtrent kan doen nie.

Die Wes-Kaap Departement van Landbou het oor die jare baanbrekers werk gedoen om suiwel in die Suid Kaap te vestig, en ons is trots op wat tot op hede vermag is. Alle navorsing word tans daarop gerig om insetkostes te verlaag terwyl uitsette verhoog word. Insetkostes bly die een aspek waaroor `n boer die meeste beheer het, en ons moet aanhou om nuwe en vindingryke maniere te vind om beter te doen op hierdie gebied.

Landbou word erken as een van die sleutel sektore wat `n rol speel om die Provinsie se ekonomie uit te bou en te laat groei. Ons benadering is om klippe uit u pad te rol, en die nodige ondersteuning te bied. Ons wil nie te veel inmeng op u plaas self nie. Boerdery is waarmee u goed is. Maar ons wil die ondersteuningsfunksies wat die staat moet vervul so goed as moontlik doen.

Vriende ek sluit af: Geniet vanjaar se Herold Fees. Kuier lekker saam met ou vriende wat u nie so gereeld sien nie. En gaan asseblief terug plaas toe met `n positiewe gesindheid en onthou dat die gemeenskap opkyk na u vir leiding.

Kontak: Wouter Kriel. 021 483 4700, 079694 3085, wouterkriel@gmail.com